


Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 22 Jan 2019
Page: 11

AVE: 45254.67
Circulation: 47400
Part: 1 of 1


# 'n Vreemde land, maar...

**Standpunt**
Anton van Niekerk





Foto ter illustrasie: ISTOCK

> **Waarheid moet seëvier bo leuens, rede bo emosie, algemene belang bo eiebelang. Ons vreemdheid mag daardie soektog nie belemmer nie, maar moet dit opnuut uitlok.**

In 1967 verskyn Allen Drury se boek oor Suid-Afrika met die titel *A Very Strange Society*. Al was sy analise in sekere opsigte gebrekkig, spook die titel steeds by my.

Die boektitel bly die raakste omskrywing van die enigma van hierdie "wye en droewe land", waar ongeveer 55 miljoen mense op 'n manier met mekaar probeer klaarkom – hierdie bonte mengelmoes van kleure en kulture, prestasies en nederlae, duiselingwekkende rykdom en allesverterende armoede.

*Strange*: vreemd – uitermate vreemd. Waar anders ter wêreld het amper 80% van die bevolking toegelaat dat 'n minderheid wat essensieel identifiseerbaar was deur hul velkleur amper 350 jaar lank alleen die septer swaai?

Maar in dieselfde asem, waar anders ter wêreld sou of kon dit gebeur dat daardie selfde minderheid teen verwagtinge in vrywillig al hul politieke mag prysgee?

Hoe gebeur dit dat 'n beeswagter vanuit die godverlatenheid van 'n plekkie met die naam Qunu op die toneel verskyn, vir 27 jaar in 'n tronk gestop word, geen bitterheid daaroor ten toon stel nie en dan ontwikkel in die belangrikste morele ikoon van ons tyd – die mees gesogte rolmodel vir enige staatsman (Donald Trump darem uitgesluit)?

Hoe – in hemelsnaam hoe – kon dit gebeur dat 'n man wat prakties geen formele skoolopleiding gehad het nie, die president van hierdie land word en toelaat dat 'n obskure Indiese gesin hulself inwurm in 'n veelheid sake en staatsondernemings, tot by die punt waar hulle die staat letterlik begin "kaap" het bloot omdat hulle "beste vriende" van hierdie president en sy aanhangers geword het?

Van staatsinstellings gepraat, hoe dikwels in die wêreld sien ons dat 'n instelling wat veronderstel is om soos 'n onderneming te funksioneer (Eskom) by kliënte pleit om sy produk nie te koop nie?

Terug na Zuma: Terwyl 'n kommissie, onder voorsitterskap van die adjunkregterpresident van die land, vir dae en weke sit om die ongelooflikste verhale van korrupsie, omkopery en rampokkery aan te hoor – verhale wat omtrent almal Zuma en sy kornuite se inspirasie erken – kruip hy nie weg of vlug nie, maar ontwikkel 'n tweede politieke asem.

Daarvoor benut hy boonop die glystroom van die huidige president deur in te sit op allerlei verkiesingsmakieties in KwaZulu-Natal.

Les bes, waar in die wêreld word luidrugtig betoog, wapens op 'n skoolspeelgrond ingedra, 'n provinsiale onderwys-LUR gemonster en 'n onderwyseres geskors weens verontwaardiging oor die klassitplekke van vier gr. R-kleuters?

Sou die volgende stap wees om die polisie, brandweer of selfs weermag in te roep?

'n Liefhebber van goedkoop kafeeromans sou hierdie hele storie te vergesog vind om vas te byt en die boekie klaar te lees.

Tog, bogenoemde is bloot enkele grepe uit hierdie land se onlangse geskiedenis. 'n Uiters vreemde samelewing!

Tog weet ons ook dat dit misleidend is om jou vas te staar teen die geïsoleerde besonderhede van elk van die skynbaar absurde gebeure waarna verwys is.

Elkeen het 'n konteks. En daardie konteks – die raamwerk wat elkeen betekenisvol maak – is die volhardende, komplekse en onderling verweefde tafereel van kolonialisme, nasionalisme en rassisme wat die geskiedenis van hierdie land oor 350 jaar treiter en pynig.

Midde-in die soms oorbluffende vreemdheid móét ons bly soek na nugterheid, verstandigheid, oordeel en balans.

Daardie soektog, en die geloof en hoop dat dit sal geluk om daarna te bly soek, is die "tweede refleksie" waarvan die filosoof Johann Degenaar dikwels gepraat het.

Dis die aandrang daarop dat waarheid moet seëvier bo leuens, rede bo emosie, algemene belang bo eiebelang. Ons vreemdheid mag daardie soektog nie belemmer nie, maar moet dit opnuut uitlok.

■ **Van Niekerk is professor in filosofie en direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch.**


This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.